BLOEMFONTEIN BAPTISTE

**Datum:** ___________________

# Krag van die Nuwe Lewe – Wees 'n Getuie

**Handelinge 1:8**

Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my **getuies wees** in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

## 1. Vind weer jou Vreugde in die Here

**Handelinge 4:18-20**

Daarna het die Raad die apostels (Petrus en Johannes) weer laat inkom en hulle beveel om glad nie verder in die Naam van Jesus iets te verkondig of te leer nie. 19Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: "Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God. 20Wat ons betref, ***dit is onmoontlik*** om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie."

**1 Petrus 1:8-9**

Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap.

**Filippense 4:4**

Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!

**Psalm 118:28-29**

U is my God, **U wil ek loof**; my God, u grootheid **wil ek besing**. 29**Loof** die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.

**Psalms 51:12 AMP**

Restore to me the joy of Your salvation And **sustain me with a willing spirit**.

## 2. Vertrou die Heilige Gees

**Johannes 15:26**

Wanneer die Parakleet kom wat Ek van die Vader af aan julle sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, **sal Hy oor My getuig.**

**Galasiërs 5:24-25**

Maar dié wat aan Christus Jesus behoort, het die hartstogte en die begeertes van hulle sondige geaardheid gekruisig. 25Ons lewe deur die Gees; daarom moet die Gees ook ons leefstyl bepaal.

**Romeine 8:14**

Want almal wat hulle laat lei deur die Gees van God – hulle is God se kinders.

## 3. Kies om so te lewe dat ander vir Jesus sal leerken

**Lukas 19:10**

Die Seun van die mens het immers gekom **om te soek** en te red wat verlore is."

**Matteus 5:13-16**

"Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.14"Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; 15ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis. 16Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

**Hebreërs 12:1-3**

Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en **laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop**, 2die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die **vreugde** wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God. 3Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars **teen Hom verdra het**. Dan sal julle **nie geestelik moeg word en uitsak nie.**

**Here help my:**

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

*Alle verse uit AFR83 behalwe as anders verwys*